

VOORBIDDING:



**Wêreld:** Kambodja, Laos en Viëtnam. Oplossing vir konflikte [Palestyn-Israel]; bekamping van IS-groep se terreur.

**RSA & Dorp:** Gesondheids- en maatskaplike dienste - hospitale en klinieke, medici, verpleërs en paramedici. Bevryding van korrupsie en onbevoegdheid. Vigs geïnfecteerdes en -geaffecteerdes. Dwelmafanklikes en -geaffecteerdes. Groter eenheid tussen alle Suid-Afrikaners, ongeag taal en ras; die armes, werkloses en gemarginaliseerdes in ons samelewing.

**Gemeente & Kerk:** Treurendes, siekes, verswaktes, diegene onder behandeling en aan die herstel. Oordeelkundige gebruik van water.

**Meegevoel:** 'n Woord van meegevoel met Matilda Burden van Speciosa wie se moeder oorlede is.

**Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar:** Estelle Joubert (Coetse), Zenobia Strydom (Paradyskloofvillas) en Delene van der Merwe (Florida).

**Eikiehart baat by ons Kersprojek**



René Hodgson, sekretaresse van Laerskool Eikestad en deel van die Eikiehart-projekspan, was baie dankbaar vir die 3 gesinskoppakkies en 6 Kersgeskenke vir die 6 behoeftige leerlinge wat ons gemeente aan hulle gegee het as deel van ons Kersprojek.

**Naaldwerkbediening het fluks gewerk in 2018**

Die Naaldwerkbediening het in 2018 lekker en hard gewerk aan verskeie projekte.

Daar is 130 komborsies, 126 babajurkies, 16 lakens en 38 Bless-a-Baby-sakke (plus nog 137 sakke gemaak deur ander gemeenteliede) vir Paarl Hospitaal Neonatale Eenheid gemaak. Geluksoord is bederf met 49 voedingsborslappe en 31 plekmatjies. Jamestown Sounds het 40 blokfluitsakkies en 20 musiekstaandersakke gekry. Daar is ook 20 potloodsakkies vir die kinders van Jeuguitreik gemaak.

Enigiemand wat wil kom saamwerk in die nuwe jaar is baie welkom! Skakel Anette Cronje by 021 886 5115.

**Bring jou Liedboek saam**

Met dié dat beurtkrag nou weer gereeld ons alledaagse beplanning kom omkrap, vra ons jou om asb die ou Liedboek saam te bring na die ereediens. Jy kan dit na die tyd in die rakkie los tot 'n volgende Sondag of vir iemand anders om te leen. So kan ons steeds lekker saam sing tydens die eredienste, al gaan die krag af!



**Tydens 'n elektroniese kerksaamgadering van 29 - 30 November is die volgende persone tot die kerksaam verkies:**

**Tot ouderling verkies:** Louis Jonker (Leer en Aktuele Sake). Tot diaken verkies: Johan Serdyn (Wyk C).

**WELWEEK**

Christus is die Here!

Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou  
Om so sy groot opdrag uit te leef.



**Sondag 9 Desember 2018**

**Sondag van VREDE**

Tweede Advent

- Prediker** Leon Cronje
- Tema** Advent wil ons juis hieraan herinner – in al die geharwar en onsekerheid staan dit wel vas: Jesus is die Here!
- Teks** Lukas 3: 1-6
- 08:45** Gebedsgeleentheid (komiteekamer)
- 09:30** Erediens

Jaartema:  
Dissipels ontvang en soek die geskenk van gemeenskap.

**Bevestiging van kerksaamslede** Baie welkom aan die volgende lidmate wat vandag as kerksaamslede bevestig word. Seën en sterkte vir julle! Hannes Bellingan (Diaken Wyk A), Johan Vorster (Diaken Wyk A), Mathilda Vlok (Ouderling Wyk A), Braam Horn (Diaken Wyk C), Herta de Villiers (Ouderling Wyk C), Koos Swart (Ouderling: Adminkomitee), Karin Calitz (Ouderling: Diens van Barmhartigheid), Hanli Hencke (Diaken: Koinonia Bediening) en Marié van der Walt (Ouderling: Koinonia Bediening)

*If I cannot do great things, I can do small things in a great way.*

Martin Luther King Jr



As Christene vier ons **Advent** met die wete dat Christus gekruisig is en opgestaan het. Ons dink in hierdie tyd aan God as die altyd komende in ons nood, om op verrassende wyse heil en bevryding te bring. Ons berei ons opnuut voor om die Verlosser in ons lewe te verwelkom.

**Is jy nuut by ons?** Kom gerus ná die diens na voor waar 'n lid van die Bediening vir Nuwe Lidmate jou sal ontmoet.  
**Kom geniet gerus 'n koppie tee en lekker koffie in die leeskamer en neem boeke vir oulaas hierdie jaar uit by ons biblioteek in die vierkant.**

**PROGRAM VIR VOLGENDE 2 WEKE: Maandag 10/12 tot Sondag 23/12**

Wo 12/12		Skole sluit
Vr 14/12		Universiteit sluit
So 16/12	09:30	<b>Versoeningsdag</b> Derde Advent <b>Erediens:</b> Monty Sahd
Ma 17/12		<b>Openbare vakansiedag</b>
Vr 21/12		Kerkkantoor sluit tot Woensdag, 2 Januarie 2019
So 23/12	09:30	Vierde Advent <b>Erediens:</b> Monty Sahd

**Die deuroffer vandag gaan aan Biblia Hawesending:** Bykans 30 000 seevaarders uit meer as 70 lande besoek jaarliks die hawe van Kaapstad. Die bediening van die Christus-evangelie aan ons besoekers – deur skeepsbesoeke, persoonlike gesprekke, vriendskapsevangelisasie en sosiale hulpverlening word sedert die 1940's in die Kaapstad-hawe onderneem - het 'n ekumeniese uitreikaksie geword en het uitgebrei na die Saldanha-hawe.



Die deuroffer verlede week aan Radiokansel was R2 750.  
Baie dankie!  
Volgende week se deuroffer gaan aan Makhathini Sending.

**Betaal met Snapscan!**

Laai dit af op jou slimfoon by <http://www.snapscan.co.za/user.html>. Onthou asb om die "Enter Reference" in te vul.



Desember se deuroffer-tema is **sending**. Daarom gaan ons deuroffers aan Radiokansel, Biblia Hawesending, Makhathini, Straatwerk en Sending: Zimbabwe, Malawi en Mosambiek. Op Kersdag is die spesiale deuroffer aan die Kerkbode Kersfonds en Studietrust.

*Die insameling van toiletware en voedsel vir ons Kersprojek gaan steeds voort. Items kan in die mandjies by die deure geplaas word op Sondag of deur die week na die kerkkantoor gebring word.*



**Bankbesonderhede**  
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)  
Takno: 149 821 Rekno: 149 8046 320

**NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen**  
Telefoon: 021 886 5975  
Kantoorure: 08:00 tot 13:00 (Ma—Vr)

**Skryfbehoeftes vir skoolkinders**

In Januarie samel ons skoolbenodigdhede in vir kinders in ons gemeenskap wat nie oor die nodige skryfbehoeftes beskik om die skooljaar mee af te skop nie. Sodra al die spesiale aanbiedinge op skoolbenodigdhede kort na Kersfees begin, is dit tyd om te dink aan die kinders wat nie eens hierdie aanbiedinge kan bekostig nie. Laai 'n ekstra boek, pen, potlood of uitveër in jou mandjie en bring dit na die kerkkantoor of na die barmhartigheidstafel in die kerk. Ons beoog om skoolbenodigdhede te skenk aan Jeuguitreik, ACVV, Eikiehart en Safehouse.



**Blommeranskickers vir 2019**

Gedurende die kerklike jaar word ons weekliks bederf met die mooiste blomme in die kerk. Slegs 'n handjievol gemeentede is deel van hierdie bediening.

Indien jy voel dat jy hier betrokke wil raak, kontak asseblief vir Rina van den Heever by 021 886 5975 of [ontvangs@stelwel.co.za](mailto:ontvangs@stelwel.co.za).

**Teken in op ons E-nuusbrief!**

Besoek ons webwerf, [www.stelwel.co.za](http://www.stelwel.co.za), kliek op "kontak ons" en kies "teken aan op ons E-nuusbrief". Volg die maklike stappe en siedaar, jy ontvang Vrydagoggende 'n vriendelike halo-sê van die kerkkantoor om jou te herinner aan alles wat gedurende die naweek en komende week gebeur. Daar word ook gereeld skakels op die nuusbrief gelaai met ekstra inligting waar jy betrokke kan raak.

**Nuwe almanakke en Welgelegeners**

Die almanakke van 2019 en nuwe Welgelegeners is gereed in die vakkies vir die dienswerkers om in die wyke uit te deel. Baie dankie aan al die dienswerkers wat hierdie groot taak het om dit in die wyke te versprei! Sterkte met die laaste groot stap van die jaar!  
**As jy nie 'n dienswerker het nie, kan jy gerus joune by die kerkkantoor kom afhaal.**



HUISGELOOF is elke week beskikbaar om van ons webblad af te laai by [www.stelwel.co.za](http://www.stelwel.co.za). Kopieë is ook by die deure beskikbaar.

**Herwinningspapier vir Huis Horison moet asb in die houtkas met die opligdekseel (in die vierkant, links van die hek) geplaas word. Daar is ook herwinningsakke in die mandjie by die staalhek of in die kerkkantoor beskikbaar.**



Bestel vir oulaas hierdie jaar Somerbosch-aarbeie teen Maandag, 10 Desember. Die laaste aflewering is Woensdag, 12 Desember. Aarbeie is R40 vir 1 kg.

**BELANGRIKE NOTA: Die kerkkantoor open op Maandae om 09:00.**